Maak skoon

Met ’n rats beweging is die petroljoggie daar om julle te help. Sommerso in sy gesels begin hy die voorruit skoonmaak. Jy verkyk jou aan die beweging van die “squeegee” en hoe die goggatjies en bruin vuilheid na eenkant gestoot word. Deur die ruit glimlag die joggie vir jou binne die motor. In ’n jiffy is die ruit skoon! Wow, jy het nie eens gedink die ruit is vuil nie!

Net ’n entjie vêrder op die pad sak die reën saggies neer, met ’n vinnige vee- vee van die ruitveër en die reëndruppels beweeg almal in een rigting.

Alles buite lyk skoon en nuut... **OF is dit net omdat die ruit nou skoon is?**

In Lukas 11:34-35 lees ons: *“Die lamp van die liggaam is die oog. As die oog goed is, is jou hele liggaam ook verlig. Maar as jou oog slegs is, is jou hele liggaam ook sonder lig.”*

In eenvoudige taal: As jy na die wêreld en ander kyk met ‘n kritiese en jaloerse oog dan sê dit hoe jou hart lyk. Jou ruit is vuil en jy kom dit nie agter nie. Omdat jou hart (ruit) vuil is, sien jy nooit die mooi van ander raak nie.

Die Bybel vertel dit ook op ’n ander manier vir ons: “*Alles is rein vir mense wat net vir God dien. Maar party mense dink verkeerde dinge, hulle gedagtes is vuil van die sonde, en hulle glo nie in Christus nie, niks is rein vir hulle nie. Hulle kan nie reg dink nie en hulle weet nie wat is reg of verkeerd nie, want die sonde het alles wat hulle dink, vuil laat word”.* Titus 1:15 (Bybel vir almal)

Jesus het vir die mense kom uitwys **hoe** hulle regtig ander mense sien en oordeel, selfs sonder om altyd ’n woord te sê. *“Haal eers die groot stuk hout uit jou eie oog. Dan sal jy goed kan sien om die klein stukkie hout uit jou broer se oog te haal.” (Matteus 7:5 Bybel vir almal)*

Vandag dra ons gesigskerms. Jy moet daagliks sekermaak jou skerm is skoon anders kyk jy in die vuil kolletjies vas en sien glad nie die mooi wêreld rondom jou nie.

Netso moet ons daagliks ons harte skoonmaak. **Hoe?** Die oomblik dat jy besef jy doen sonde erken en bely dit **dadelik** aan die Here. Moenie wag tot vanaand voor jy gaan slaap nie. Maak **dadelik** jou hart skoon, sodat dit nie ophoop en jy later skaam voor God is nie.

Video:
Color Your World with Kindness:
https://www.youtube.com/watch?v=rwelE8yyY0U
Liedjie:
My best Friend:
https://www.youtube.com/watch?v=5fD4bCYalEc

As ons, ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons dié sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. 1 Johannes 1:9

Wat sien jy?



Is die blokkies ewe groot?



Kan dit waar wees?

Sien jy die uil?